# JUNIOR SECONDARY CERTIFICATE

**AFRIKAANS SECOND LANGUAGE** **1130/2**

PAPER 2 Continuous Writing 1 hour 30 minutes

Marks 60 **2017**

Additional Materials: Answer Book

**INSTRUCTIONS AND INFORMATION TO CANDIDATES**

- Write your answers in the Answer Book provided.
- Write your Candidate Number and Name in the spaces on the Answer Book.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.

- Answer **one** question from Section **A** and **one** question from Section **B**.
- All topics in each section of this paper carry equal marks.

- Pay special attention to spelling, punctuation and sentence structure.
- The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

This document consists of **4** printed pages.

Republic of Namibia

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

**VOORSKRIFTE**

- Beantwoord **een** vraag uit Afdeling **A** en **een** vraag uit Afdeling **B**.
- Begin elke antwoord op 'n skoon bladsy.
- Skryf die nommer van die gekose vraag boaan elke bladsy.
- Skryf die onderwerp van die vraag boaan.
- Skryf netjies en leesbaar. Moenie hoofletterskrif (alle woorde in hoofletters) gebruik nie.

## AFDELING A

- Beantwoord slegs **een** vraag uit hierdie afdeling.
- Die inhoudsgedeelte moet **200** tot **250** woorde beslaan.

**1 President van Namibië**

Jy kry eendag die geleentheid om as president van jou land gekies te word. Vertel in jou opstel wat jy sou doen om die land 'n beter plek te maak vir alle Namibiërs.

**2 Dissipline bevorder goeie uitslae by skole**

Dit is telkens bewys dat dissipline die fondasie is waarop goeie uitslae gebou is. Gebruik jou skool as 'n vertrekpunt om jou siening oor die verband tussen dissipline en goeie of swak uitslae te stel.

**3 My droomhuis**

Beskryf jou droomhuis deur te sê waarna jy soek in 'n huis.

Jy mag die volgende in ag neem:

- Die ligging van die huis (woonarea/buurt)
- Die grootte en tipe boustyl van die huis (verdieping/grasdak/steenhuis met glas/hout, ens.)
- Ontspanningsarea (tuin/swembad/braai-area/plaveisel, ens.)
- Die kleur van die huis
- Veiligheid/sekuriteit





**4 'n Onvergeetlike Kersfees!**


Julle beplan as 'n familie om vanjaar saam Kersfees te vier. Jy is deel van die reëlingskomitee vir 'n onvergeetlike Kersfees. Vertel in jou opstel wat die familie gedurende die groot dae alles saam sal doen.


**5 Die uitroei van olifante in ons land**

Hierdie euwel het 'n nagmerrie in ons mooi land geword. Ons lees en hoor daagliks hoe olifante vir hulle ivoor (tande) geskiet word.

Gee jou opinie deur te verwys na die volgende:

- Oorsake vir die uitwissing van olifante
- Oplossings wat jy kan voorstel om die euwel te bekamp
- Watter strafmaatreëls toegepas kan word op die oortreders
- Wat die gemeenskap kan doen
- Wat die regering kan doen om hierdie euwel uit te roei





**6 Ek het myself byna doodgelag!**

'n Skreeusnaakse gebeurtenis het by jou skool plaasgevind en jy kon jou lag nie keer nie. Die onderwysers en die leerlinge het op hierdie dag gekraai van die lag.

Skryf nou 'n opstel waarin jy die gebeurtenis beskryf.

**[40]**

## AFDELING B

- Beantwoord slegs **een** vraag uit hierdie afdeling.
- Die inhoudsgedeelte moet **150** tot **180** woorde beslaan.

**1** Skryf 'n **brief** aan jou vriend of vriendin waarin jy vertel van jou planne vir die naderende vakansie. Vertel saam met wie jy gaan, wanneer jy gaan, vir hoe lank en wat julle alles daar sal doen.

**2** Jy breek per ongeluk jou ouma se gunstelling opskepbak. Sy is woedend, want dit is haar erfstuk.

Skryf die gesprek tussen jou en jou ouma in **dialoogvorm** neer, waarin jy aan haar verduidelik wat gebeur het.

**3** Jy het aan 'n kompetisie deelgeneem en was gelukkig om die eerste prys te wen. Die prys sluit in drie onvergeetlike dae se verblyf in die staatshuis saam met die president en sy gesin.

Teken die gebeure en aktiwiteite van daardie drie besonderse dae in jou **dagboek** op.

**4** Jy en jou broertjie is Saterdagoggend bank toe gestuur deur julle ouers. Terwyl julle daar was, het daar 'n bankroof plaasgevind. Die polisie vra jou om 'n verslag te gee oor wat presies gebeur het.

Skryf 'n **verslag** oor die gebeure.

**[20]**